BLOEMFONTEIN BAPTISTE

**Datum:** ____________________

# Salomo se Mooiste Lied – Konflik in die Huwelik

**Jakobus 4:1**

Waar kom die stryd vandaan, waar kom die rusies onder julle vandaan? Kom dit nie van julle selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in julle woed nie?

## 1. Hoekom bestaan konflik in die Huwelik?

**Hooglied 5:2-3**

“Ek het geslaap maar my hart het wakker gebly. Toe hoor ek die man wat ek liefhet, klop en hy sê: ‘Maak vir my oop, my beminde bruid, my duif, my volmaakte! My kop is nat van die dou, my hare is nat van die nag se klammigheid!’3“Toe sê ek: ‘Ek het al uitgetrek, hoekom moet ek weer aantrek? Ek het my voete al gewas, hoekom moet ek hulle weer laat vuil word?’

**Hooglied 5:6**

6Ek maak oop vir die man wat ek liefhet, maar die man wat ek liefhet, het omgedraai en is weg! Ek was so opgewonde toe hy gepraat het! Ek soek hom maar kry hom nie, ek roep hom maar hy antwoord nie.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

## 2. Die oplossing vir konflik in die Huwelik

**Hooglied 5:8-16**

8Vroue van Jerusalem, ek smeek julle: As julle die man wat ek liefhet, raakloop, sê vir hom die liefde verteer my.”

- In plaas van Ek wil hê – Ek wil gee
- In plaas van Passief wees – Gaan ek Aktief wees
- In plaas van afbreek en afsonder – op bou, en onthou wat ek voor lief is

Hoe maak ons vrede?

- Begin by die Here

**Efesiërs 5:21**

Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.

**1 Korintiërs 10:31**

Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God.

- Verwyder jou trots en erken jy het ook foute

**Matteus 7:3-5**

“Waarom sien jy die splinter raak wat in jou broer se oog is, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie? 4Of hoe kan jy vir jou broer sê: ‘Wag, laat ek die splinter uit jou oog uithaal,’ en intussen is daar 'n balk in jou eie oog? 5Huigelaar! Haal eers die balk uit jou eie oog uit, dan sal jy goed kan sien om die splinter uit jou broer se oog uit te haal.

- Benader konflik met Sagmoedigheid

**Galasiërs 6:1**

Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan self ook in versoeking kom.

- Versoen met mekaar

**Matteus 5:21-24**

21“Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: ‘Jy mag nie moord pleeg nie; en elkeen wat moord pleeg, is strafbaar voor die regbank’. 22Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank. Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir 'n gek, is strafbaar voor die Joodse Raad; en wie hom uitskel vir 'n idioot, is strafbaar met die helse vuur.
23“As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, 24laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

## 3. ‘Konflik’ tussen jou en God

**Openbaring 3:20**

Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My.
Hooglied 5 gaan soek die vrou haar man en herinner die vrou van Jerusalem hoekom sy hom lief het

**Openbaring 2:1-5**

…4Maar Ek het dít teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie. 5Dink daaraan hoe ver julle al agteruitgegaan het. Bekeer julle en doen weer wat julle in die begin gedoen het.

Here help my:

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

*Alle verse uit AFR83 behalwe as anders verwys*